# Gebedsbulletin No. 11 van 2026

## 15 Maart 2026



Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555


# Moenie net dankbaar wees nie

"Gaan kyk 'n slag hoe krap mense in asblikke vir kos, dan sal jy dankbaar wees vir dit wat jy het." Ken jy sulke opmerkings? Word ander mense se slegte omstandighede ook in jou eie omgewing gebruik as motivering hoekom jy jou seëninge moet tel?

Dt is 'n feit dat baie mense op die planeet swaarder kry as jyself kry. Maar die Bybel gebruik nie ander se omstandighede om jou dankbaarder te maak nie. God se Woord volg 'n ander roete. Die vraag van die Bybel is nooit of jy dankbaar is, omdat jy nie so swaar kry soos persoon X of Y nie, of omdat iemand anders sieker of stukkender as jyself is nie. Jy word nooit opgeroep om jouself met mense te vergelyk wat dit slegter getref het as jyself sodat jou eie dankbaarheid kan toeneem nie. Die Bybel se vraag is eerder of die Here se hart in jou binneste klop. As dit die geval is, sal Hyself jou bewus maak van al Sy seëninge in jou lewe. Dan sal die Heilige Gees jou Leermeester wees wat God se goedheid in jou lewe onderstreep. Maar die Gees sal veel meer doen as om jou net dankbaar te maak. Hy sal jou ook gedurig aanspoor tot 'n lewe van vrygewigheid. Hy sal Jesus se vrygewige hart in jou binneste laat klop. Hy sal Jesus se woorde in Handelinge 20:34-35 in jou siel ingraveer dat dit beter is om te gee as om te ontvang.

Dan sal jy die res van hierdie verse ook jou eie maak dat jy hard moet werk sodat die swakkes en armes kan eet. Dan sal jy graag jouself , jou sente en jou tyd met ander deel. Dan sal jy waarlik iemand wees wat dankbaar én vrygewig leef.

***deur* Stephan Joubert**

## Gemeente – Algemeen

-Bid vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Johnny Viviers
Annie Brink
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Spokie Vorster
Juanita Rossouw
Marcel Holtzhausen
Oom Piet Pretorius
Janine Vorster
Hettie Singleton
Jaap Naudé
Hannelie Ball
Marinda Jordaan
Jaco Meyer
Amanda J van Rensburg
Dewald Treurnich
Tannie Sannie Wentzel
Moos Nel
Hazel de Villiers




## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan 'n houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## GEDAGTE VD WEEK




***Byvoorbaat baie dankie vir jou bydrae's . . .***
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in